**SAAMPRAATPAPIER** **7 APRIL 2019**

***WAT GLO ONS AS INDIVIDUE/ AS GEMEENTE/ AS NG KERK?***
***IN WIE GLO ONS?***

***NB:*** *Ons kan nie sommer net ligtelik bo-langs sê " ek glo" nie.* ***Lees Prediker 5: 1- 6 en praat saam daaroor.***

**VRAE waarop jy geantwoord het by jou belydenisaflegging en waarvan jy die inhoud steeds moet uitleef:**

1. Glo jy dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament, en in die belydenisskrifte van ons kerk vervat is en in die gemeente hier geleer word, die **ware** en **volkome** leer van verlossing is?

   **Lees Psalm 19: 8 – 12 en praat saam oor hierdie vraag.**

2. Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur Sy genade in dié belydenis van die leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?

   **Doen ons dit, of bly ons maar stil as ander mense ander idees oor bv verlossing, doop, nagmaal, lewe na die dood, ensovoorts verkondig?**

3a. Bely jy dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet?

**Lees Hand 4:12, Hand 16:31 en 1 Timoteus 2: 3-6 en praat saam.**

3b. Beloof jy om Hom te dien,
Sy Naam getrou te bely voor die mense en
om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?

**Praat saam: Wat keer dat ons dit doen / dat ons dit uitleef dat ons kinders van God is?**

4.Tov van die kerklike opsig (toesig) en tug: aanvaar jy dat jou medegelowiges die verantwoordelikheid het om jou te help om op die regte pad te bly?

**Lees Matteus 18: 15-17** oor hoe tug toegepas moet word. **Is dit 'n veroordelende- of 'n liefdesproses wat plaasvind?**

**Bid saam** (onder andere vir die week se gebedsaak: ***Siekes, gestremdes en bejaardes en hulle versorgers)***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -